Baken Akademie Skole
Tel: 072 423 3304
marting@bakenakademie.com
www.bakenakademie.com
Facebook: Baken Akademie
Instagram: Baken_Akademie_Skole

SKOOLFOOIE vir VOORSKOOL: LAERSKOOL: KOLLEGE: 2025

Geagte ouers,

Na deeglike oorweging is die volgende fooistruktuur goedgekeur vir 2025. Faktore wat onder andere in aanmerking geneem is, is die volgende:

- Volhoubaarheid van die skool.
- Die inflasiekoers.
- Die leerlinge se akademiese en ander behoeftes.
- Personeelbehoeftes.
- Lidmaatskap van ACSI, SACAI, SwitchedOn.
- UMALUSI fooie.
- Die voordeel van beperkte klasgetalle.

Skoolfooie is betaalbaar vanaf die 25ste van die voorafgaande maand, en moet teen die 1ste van die betrokke maand betaal wees. (Dus is Januarie 2025 se fooie betaalbaar vanaf die 25ste Desember 2024, en die fooie moet op die laatste betaal word teen die 1ste Januarie 2025)

Vir enige ander reëlings moet Annelie Spagnolo asseblief direk gekontak word by 0823315536.

Skoolfooie is maandeliks betaalbaar (11 of 12 paaiemente).

Rente sal gehef word op agterstallige fooie.

INGESLUIT BY SKOOLFOOIE

- Naskooltoesig tot 17:00 gedurende skooltermyne in. (Geen naskool op die laaste dag van termyne, of voor langnaweke nie)
- Studie/huiswerk klasse in die middae (Maandag tot Donderdag).
- Vakansietoesig word aangebied vanaf 7:30 tot 16:30: Maandag tot Vrydag. Publieke vakansiedae uitgesluit. Vakansietoesig is nie beskikbaar na afloop van 'n akademiese jaar nie, dus, in Desember en Januarie is daar geen vakansietoesig nie.
- Alle afrigting vir sport wat by Baken aangebied word.
- Drama en skaak.
- Swemafrigting vir alle leerlinge en swemklasse vir juniors.
- Vervoer waar benodig van/na sportgeleenthede toe.
- Sharpie (inskerping) klasse vir Juniors.

UITSLUITEND VAN DIE SKOOLFOOIE

- Kapitaalfonds. (Sien onder)
- Handboeke, e-boeke (R400 per maand per leerling in die Kollege/Hoërskool) , skrifte, studiegidse en persoonlike skryfbehoeftes.
- Individuele onderwyser gereëlde ekstra lesse.

Baken Akademie Skole
Tel: 072 423 3304
marting@bakenakademie.com
www.bakenakademie.com
Facebook: Baken Akademie
Instagram: Baken_Akademie_Skole

- Eksterne eksamens en assesserings.
- Uitstappies, kampe en toere.
- Skootrekenaars (laptops), vir Graad 8 tot 12 leerlinge, en Laerskool soos benodig.
- **Vier (4) rieme papier** per kind per jaar. Dit kan eenmalig aan die begin van die jaar, of per termyn ingehandig word.

KAPITAALFONDS PER JAAR – BETAALBAAR VOOR of op 30 November 2024.

Die Kapitaalfonds vir **2025 beloop R3 350** per leerling. Hierdie fooi is betaalbaar voor 1 Desember 2024. Hierdie fondse word gebruik vir uitgawes van kapitale aard, en alle kinders trek voordeel daaruit.

KORTING OP SKOOLFOOIE VIR VOORUITBETALING

Korting vir sibbe, asook jaarlikse vooruitbetaling is op die Skoolfooiskedule uiteengesit.

Soos almal weet is die skoolfooie die enigste inkomste van die skool. Indien daar nie by die betalingsdatums gehou word nie, kan dit aansienlike druk op die skool se finansies plaas. Onbetaalde skoolfooie sal veroorsaak dat onderrig vir die betrokke leerlinge teruggehou sal word. Ek vra almal se samewerking in hierdie verband.

Kontak my gerus indien daar enige verdere navrae is.

Groete

Martin Gericke

072 423 3304